

Skriflesing: Josua 2; Jakobus 2:14-26; Hebreërs 11:31

Teks: **Josua 2:18,21**

Sing- SAMESANG- Ps.93:1,4;

TYDENS EREDIENS- Ps.92:1,6; Ps.73:9,10; Ps.74:1,8,16; Ps.68:1,2

Ons is vanoggend (vanaand) met \emptyset rooi teks besig, broeder en suster!... Hoe so?

Daar is verskeie redes. Die tou wat Ragab by haar kamervenster moes uithang, was rooi, maar agter haar is \emptyset rooi-lig lewe. Sy was \emptyset prostituut, sy was een wie se lewe ander vroue rooi van skaamte kon laat word. Haar \emptyset vanö in die Bybel word nie genoem nie, maar in die plek van haar \emptyset vanö staan die woord- hoer...So het ons Hebreërs 11 haar bynaam of haar \emptyset vanö geles- *Deur die geloof het Ragab, die hoer, nie saam met die ongehoorsames omgekome nie, omdat sy die spioene in vrede ontvang het.*

Die Ou- en die Nuwe Testament brandmerk haar met \emptyset rooiwarm yster, soos wat \emptyset boer met beeste maak dat hierdie vrou daar in die smal strate van Jerigo het die rooi van haar lewe vir \emptyset bloedrooi tou moes verruil. Haar rooi lewe is waarna ons eerste kyk. Daarna kom ons by die tou in haar lewe. En laaste word die rooi tou \emptyset waarlik gemerkte tou ook vir ons.

Ragab se rooi lewe:

Hierdie vrou was \emptyset baie slegte vrou. Daarvoor kan daar nie versagting gesoek word nie. Dit sal ook nie help om soos sommige teoloë haar lewe anders te probeer voorstel dat sy eintlik maar net eienares van \emptyset losieshuis was en dat ons haar nie saam met die prostitute en sulke mense moet plaas nie. Geliefdes, die Here se Woord gebruik in die Grieks in Hebreërs 11 by haar die woord- πόρνη waar ons woord pornografie ook vandaan kom, of in die Hebreëus in Josua 2 staan by haar die woord- זָנָה $\{zaw-naw\}$ wat verband hou met die engelse woord- \emptyset fornicationö wat baie duidelik op ongeoorloofde seksuele gemeenskap dui.

Haar lewe was \emptyset vuil lewe, \emptyset losbandige vrou vir wie daar nie verskoning gesoek kan word in wat sy in haar lewe gedoen het nie. Lank voor daar nog sprake kon wees van \emptyset rooi tou sal in haar soort se kamer vandag \emptyset rooi lig gebrand het. Haar huis was niks anders as \emptyset bordeel nie.

Hierdie huis staan natuurlik in \emptyset stad oor wie al die ligte rooi brand. Hierdie stad sou juis met die banvloek getref word omdat hulle sonde na die hemel geroep het. Sonde

wat vra om gestraf te word. In daardie tyd het die banvloek beteken alles in so 'n stad moes uitgeroei word. Mense en diere, want het die Here die banvloek gebruik as 'n manier om skoon te maak. Roei die kwaad uit dat Israel wat nou daar moet gaan woon geen blootstelling moes kry en hulle dan dieselfde sondes begin doen nie.

Ragab se rooi lewe, brand in haar eie sonde, maar ook in die van haar stad. Sy was in haarself niks beter as die res van haar stad nie. Maar broeder en suster, die Here openbaar Homself as 'n Wreker van die sonde, God haat die kwaad, die onreg verdra Hy nie. In alles het Ragab verdien om saam met die hele stad in die oordeel te kom. Dit wat ons in Jesaja 63 lees waar die Here die nageslag van Esau straf, die Edomiete dan tref die rooi ons daar. Die Here het rooi klere aan! Verse 1-2- *Wie is dit wat daar aankom uit Edom, met bloedrooi klere uit Bosra? Hy daar, pragtig in sy gewaad, wat agteroor buig in die volheid van sy krag?* En dan antwoord die Here Self *Wie die Een is met die rooi klere aan- Dit is Ek wat in geregtigheid spreek, wat magtig is om te verlos..*

Die vraag na hoekom die Here se klere so rooi is, dit lyk aanvanklik so pragtig, maar die antwoord is nie pragtig nie! Die klere is rooi want dit is met bloed bevlek. Die Here het in sy oordeel so op die kinders van Edom sou trap soos iemand wat trosse duiwe in 'n parskuip stukkend trap dat die hele kleed met rooi bloed deurweek geraak het. Vers 3- Jesaja 63- daar praat die Here- *Ek het die pers alleen getrap en van die volke was niemand by My nie; en Ek het hulle getrap in my toorn en hulle vertrap in My grimmigheid, sodat hulle lewensap op my klere gespat en Ek my hele gewaad bevlek het...*

Dit is verskriklik, die antwoord van die Here Self. Sy hele gewaad rooi bevlek. Die Here wat Edom so sou straf is niemand anders as die Here wat Jerigo sou ingaan nie. Daar in daardie hele stad is daar niemand wat goed doen nie, selfs nie een nie. Dit wat vroeër van ander stede gesê kon word, soos Sodom en Gomorra ook sulke stede was, Jerigo was niks beter as hulle nie. Ragab was in haarself iemand wat in alle opsigte verdien het om op getrap te word. Haar bloed sou ook groot kolle moes vorm op die gewaad wat die Here Hom aantrek wanneer Hy in sy toorn daar sou begin trap en die lewensap van die stad sou opspat.

Dit sou heeltemal geregverdig gewees het, soos dit in ons tyd geregverdig sal wees as die stad Pretoria soos trosse druiwe in \emptyset n kuip moes kom en die Here die hele stad sou plattrap. Sou iemand van ons uit onself kan sê, Pretoria is darem nie so nie. Ons verdien nie, om vertrap te word nie?! Wanneer dit wat in hierdie stad gebeur werklik gemeet moet word aan wat in Jerigo gebeur het, dan is ons uit onself niks beter as hulle nie! Die rooi in hierdie stad moet ons sterk herinner aan die rooi wat ons uit onself verdien. Ons verdien om op getrap te word as die sonde van hierdie stad niks sagter na die hemel roep as die sonde wat daar uit Jerigo geskreeu het nie. Die bordele en die onsedelikheid staan niks terug nie, vir wat baie lank in Ragab se lewe \emptyset n rooi gelaat oor haar moes wees nie. Haar rooi lewe, bring ons egter by die volgende rooi-

Die tou in haar lewe:

Daardie rooi lyn, daardie rooi tou wat uit haar kamervenster gehang is om die spioene te laat sak, maar \emptyset n rooi tou wat weer uitgehang moes word, daar is soveel wat aan daardie tou afhang. Ons moet dit in die lewe van Ragab goed begryp. Die Here se genade is waar alles begin. \emptyset n Prostitue se vuil lewe, haar sondige hart, kom op die altaar. Ons kyk na hoe haar lewe gelyk het, dit het gelyk soos haar bed. Met sonde oorlaai- hoeveel mans al daarop was, sou sy seker self nie eers kon tel nie.

Tot op die dag wanneer die Here weer twee mans daar laat aankom. Die res van die wêreld sou dit nie vreemd vind nie, want het die wêreld sou dink hulle kom doen wat sovele ander maar al daar kom doen het. Haar bed net verder beplek, maar die dag was die Here die eintlike \emptyset Besoeker \emptyset aan haar huis. Toe Josua se verkenners daar kom, toe was die Here klaar daar. Die Here het klaar haar hart op hulle koms voorberei. Die Here is ons altyd vóór- die Here wat \emptyset n ontughuis in \emptyset n Godshuis kan verander, Hy wat deur sy Heilige Gees \emptyset n prostituut se liggaam \emptyset n tempel van sy Gees kan maak.

Daardie tou waarmee die Here Homself klaar aan Ragab verbind het, is die tou van sy verbond. Die verbond wat in genade geskryf staan, is in haar lewe die tou van genade. Bloedrooi was haar lewe, so rooi soos die tou sou die Here ook op haar kon trap, soos die hele stad dit verdien, maar die Here maak Hom aan haar vas, nie om haar te oordeel nie, maar om haar te red.

Wie sou dit nie raaksien nie, broeder en suster, alleen hulle wat die Here nie ken nie! Aan daardie tou is onmiskienbaar vasgemaak, die uitverkiesing. Niemand kan dit verdien dat die Here Hom aan my moet verbind nie en tog het die Here vir haar reeds gewys dat sy die uitverkorene is, dat sy as teken van God se genade die saligmakende geloof ontvang het, nie uit haarself nie, alles behalwe. Uit wat God in daardie huisie laat gebeur, in daardie huisie het die Here opgetrek, sy genade op genade.

Sy wys maar net wat God eintlik klaar in haar gedoen het. As sy die manne, Josua se verkenner, in die bo-vertrek wegsteek, dan werk reeds in haar die versteekte geloof. Reeds het sy hulle te kenne gegee Wie God nou vir haar is! *...die Here julle God, Hy is God in die hemel daarbo en op die aarde hieronder...*

Weet u die leer van die uitverkiesing, wat mense nie kan verstaan nie, ja ons kan dit ook nie ten volle verstaan nie, maar dit staan uit as α leer wat troos en versterk, wat laat sien en laat hoor dat God my genadig is. Ek verdien dit nie, Ragab verdien niks wat na haar toe kom nie en tog sy kan daarop antwoord. As dit nie vir die uitverkiesende genade van God was nie, dan het sy net soveel soos die res van die stad verdien om op getrap te word.

Hoekom die Here haar uitverkies het, juis vir haar uit duisende ander Kanaäniete, is nie alleen om haar te red nie, maar die uitverkiesing staan nie los van om in God se diens te staan nie. Dit gaan om ware godsdiens, wat die reddende genade van God onlosmaaklik vasmaak aan die onverskrokke geloofsdade wat ons nie moet aarsel om te doen nie. Dit is deel van die redelike van jou godsdiens- Die wesentlike van die godsdiens is óók- Jou geloof moet gewys kan word. In Jakobus 2 lees ons dat α geloof wat nie vrugte dra nie, is dood! *Want soos die liggaam sonder gees dood is, só is ook die geloof sonder die werke dood.*

Ragab wys ons hierdie dinge! Sy wys juis haar geloof uit haar dade. Haar lewe wat sleg was, die Here het dit goed gemaak. Só goed dat vir jou vir wie die Here goed is, sy goedheid mag sy nie wegsteek nie. Ook nie jy of enigeen van ons nie! Ragab se geloof dit word in Hebreërs 11 waaroor dit alles gaan. Selfs die Nuwe Testament kan

daaroor nie stilbly nie. Hebreërs 11 noem haar naam, steeds met die slegte van, laat ons nie twyfel wie sy was nie... maar laat die Hebreër skrywer die Heilige Gees praat, dan hoort in die kunsgalery van geloofshelde, ook haar naam. God is die Kunstenaar en in die galery waar Hy werk kom van God se kunswerke uit die rioolslote van die wêreld. Om te dink dit staan nie terug vir \emptyset man en \emptyset naam soos die van Abraham nie. Sy \emptyset vrou, so \emptyset slegte vrou soos sy was, nou staan haar naam niks terug vir hom wat die vader van die gelowiges is nie. Haar naam staan in Hebreërs 11 geskilder, uitgeskrywe met die kleur van rooi vanaf God se uitverkiesings palet, waarvan ons as mense die kleure nie kan meng nie, maar dit is daar vir ons om te aanskou, klaar gemeng in die veelkleurige rykdom van God se genade, waar sy veelkleurige reënboog ook oor haar sy betekenis sou span, .- God se uitverkiesende genade is onbeskryflik groot!

Ragab is uitverkies tot diens. So dikwels dink ons die uitverkiesing het maar net met my redding te doen, die salige hiernamaals. Die rooi tou waarmee sy die verkenners laat sak het en die rooi tou wat haar venster sou merk is dieselfde tou. Dit is wel só, die werk wat ons doen, kan ons nie salig maak nie, nooit nie! Maar besef ons ook, dat niemand salig sal word wat nie beantwoord aan die doel waartoe God hom/haar uitverkies het nie.

Naam-christene is daar baie. Baie wat sê dat hulle Christene is, maar hulle is dit nie! Die Kategismus laat in Sondag 7 en Sondag 12 ons nie in die duister nie. Sondag 7 staan die uitverkiesing ook voorop- **slegs die wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf word, kan salig word....**tog laat die Kategismus ons verantwoordelikheid nie uit nie. Hierdie weldade van Christus moet aangeneem word. Die weldaad as jy \emptyset Christen is, God het jou dit gemaak- deur die geloof \emptyset lid van Christus, deur dieselfde geloof kry jy deel aan sy salwing- daarom moet daar van jou nou ook die tou by jou lewensvenster uithang. **Ek moet die naam van Christus kan bely...myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer.** Dit dan Sondag 12.

Die geloofswerke mag nie ontbreek nie. Selfs in doodsgevaar, soos Ragab sou besef, het sy gekom by \emptyset baie voller besef van Wie die Here werklik is. Ek moet nie mense

vrees nie, hulle wat haar oor haar wegsteek van die spioene van hoogverraad en sameswering en wat nog alles kon beskuldig, maar het sy geweet, sy het dit klaar vas geglo- geloof is kennis en vertrouwe, dat die Here haar land aan Israel gegee het. Die Here het α see rooi kon maak, sy praat van die Skelfsee (Hand.7:36 noem hierdie see dieselfde as die kleur van daardie tou- die Rooisee ...Ragab sê van hierdie see- *ons het gehoor dat die Here die water van die Skelfsee voor julle by jul uittog uit Egipte laat opdroog het...*Die Een Wie sy waarlik moet vrees is nie hierdie mense wat haar kan doodmaak nie, maar die Here is die Een wat waarlik gevrees moet word.

Die Here wat rooi sien wanneer Hy in Jesaja oor die sonde praat. Ragab het geweet God gaan hierdie stad straf. Sy weet klaar die Here het haar land aan Israel gegee. Die rooi tou word in alles die reg van God wat daar uit haar kamervensers oor die hele stad afgebeeld word. God het die reg om te straf, maar God het ook die reg om te red. In die lewe van Ragab het God reeds met sy redding begin lank voor sy werklik nog gered was. Die rooi tou wys uitwendig wat God reeds inwendig in haar gedoen het. Dit laat ons eintlik reeds ons laaste gedagte inbeweeg

Die rooi tou word vir ons 'n waarlik gemerkte tou:

Ragab kon deur hierdie enkele tou vier dinge aan ons wys. Die bloedrooi tou is teken van God se genade, daarin kom God se verbond ook duidelik na vore. Daarmee saam as sy daardie manne laat sak en die tou daarna daar uithang is dieselfde tou teken van haar geloof en word dit eintlik α teken van haar goeie werke wat gesien kon word. Vir ons is dit waarlik α gemerkte tou. Onmiskenbaar, duidelik, sigbaar, bloedrooi hang dit daar. Sy sal nie neutraal wil bly nie. Dit mag sy nie! In alle geval laat God neutraliteit nie toe nie. Daar bestaan nie vir God so iets soos α goue middeweg nie. *As jy nie vir my is nie, dan is jy teen My...*Ragab se keuse is om eerder te sterf deur die hand van God se vyande, haar volk, as wat sy deur die hand van God se volk sou sterf. Haar stryd is nou die stryd vir God se volk.

Laat ons besef God wat die sonde haat, God se rooi klere wat Jesaja sien as God dit aantrek...*Wie is dit wat daar aankom...?* En wanneer die Here antwoord dat *Hy in geregtigheid spreek, dat dit Hy is wat magtig is om te verlos* dan kan ons nie anders as om te besef toe die oorlog in Jerigo losbreek het hulle wat haar huis moes uitken, dit moes uitken aan die rooi tou wat daar uit haar venster gehang het. Haar redding, haar

verlossing is geteken aan 'n onmiskenbare rooi tou. Ons word nie aan rooi geken nie, maar ons word in rooi verlos. Die volle rooi wat daar vir ons gestort was, die bloed van God se eie Seun. In daardie bloed het Christus gekom om ons te verlos. Laat ons dadelik besef die verlossing van Ragab staan onlosmaaklik op dieselfde grondslag as ons verlossing in Christus. Ons word nie in die eerste plek verlos om salig te wees, gered te wees en daarmee kan ons nou maar met ons lewe aangaan nie.

Née, broeder en suster, ons verlossing is juis om ons te bring by die goeie wat God van ons vra. Die goeie werke wat ek en jy moet doen word in rooi aan ons geskrywe. Die rooi van Sondag 32 van die Kategismus...Die vraag is in hoofsaak- **Waarom moet ons nog goeie werke doen...**Ragab gee ons eintlik die begin van 'n antwoord wat in Christus en in sy bloed die volle tou bevat...*Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe, sodat ons met ons hele lewe bewys dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys word. Verder sodat ons vir onself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry en ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen...*

So duidelik...dit is wat nodig is. Kom ons werklik vanuit Christus deur sy Heilige Gees die goeie wil doen. In hierdie stad Pretoria, wat groot is, gestel dit sal wees die dag waarop die oordeel kom. By hoeveel vensters sal in die spreekwoordelike sin bloedrooi toue gesien kan word? Sal daar by jou lewensvenster 'n rooi tou gesien kan word? Die rooi tou van geloof in Jesus Christus, gewas in sy bloed en in dieselfde rooi van sy bloed kom hoop en liefde. Is jy besig om werklik die tou van hoop na jou medemens uit te gooi. Die hoop op die ewige lewe. As jy daardie tou kan uitgooi om mense die hoop op die ewige te wys dan word jy in die rooi vasgemaak. Die liefde wat daar vir God in jou is, is 'n liefde wat nie anders kan om ook hulle wat aan God verbind is, aan jou te verbind nie. Dan wil ons mense bind in die band waarmee God ons gebind het. Dit alles omdat God ons eerste gewys het hoe vêr sy liefde strek, liefde vir mense wat sondaars was. In die rooiste deel van 'n stad, die ontughuis word 'n Godshuis, die prostitute liggaam, die verkoopte liggaam, is gemaak 'n tempel van die Heilige Gees waarin sy geken is, in die rooi nie van wie sy is nie, maar in wat God haar gemaak het.

AMEN